Noordelike Sinode

TAAKSPAN MAGALIESBERG KAMPTERREIN
Verslag

1. Opdrag

Om alle sake rakende Magaliesberg Jeugkampterrein te bestuur.

2. Taakspan

Taakspanleier: Louis Lemmer

Taakspanlede: Theo Oosthuizen
Nicky Hattingh
Corné Bootha
Goosen Thompson
Frans Smith

Die Taakspan se opdrag is elke jaar herhaal. Daar was dus in wese drie taakspanne: Taakspan Magaliesberg 1 (2023/24), Taakspan Magaliesberg 2 (2024/25) en Taakspan Magaliesberg 3 (2025/26).

3. Uitvoering van die opdrag

Die mandaat van die taakspan is om alle sake rakende die Magaliesberg Jeugkampterrein, geleë te Bokfontein in die Distrik Brits te bestuur.

Magaliesberg bestaan uit twee aangrensende terreine wat afsonderlik of saam benut kan word.

Kamp 100 het dertien verblyfeenhede, ‘n groot saal, kombuis, braaiarea, volleybalbaan, sowel as twee ablusieblokke. Die terrein kan tot ‘n honderd persone slaap.

Kamp 50 het tien verblyfeenhede, ‘n saal, kombuis, volleybalbaan, braaiarea en twee ablusieblokke. Hierdie terrein kan tot 65 persone akkommodeer.

Daar is ook ‘n groot swembad, ‘n labyrinth en staproetes wat deur beide terreine benut kan word.

Ons het tans twee voltydse personeellede op die terrein, maar die toesig en bestuur kom grootliks op die taakspan neer. Ons het ook ‘n dame wat ons besprekings hanteer op ‘n kommissiebasis.

Aktiwiteite

Die kampterrein se grootste bate is sy ligging in die hart van die Magaliesberg se natuurskoon. Al is dit fisies naby aan Brits, Johannesburg en Pretoria, skep dit die ideale eilandsituasie.

Ons het toegang tot die mooiste natuurskoon, met ons eie bergstroom en wandelroetes in die berg. Die terrein is boomryk en ‘n voëlkykparadys. Dit is lekker afgesonder en dus baie stil. Daarmee saam is die beregaansig besonders.

Positief

Ons sien die terrein as ‘n missionale platform wat die geleentheid bied vir geestelike bediening en die ontwikkeling van ons jeug.

Daar is ‘n al groter wordende diversiteit van groepe wat die terrein begin benut. Dit sluit in NG gemeentes, verskeie ander kerkgroepe, skole, die Voortrekkers, sportspanne en selfs tersiêre kolleges.

In die afgelope jaar het ons die damesablusie by Kamp 100 opgegradeer. Dit maak ‘n reuse verskil en skep ‘n baie mooi effek. Ons hoop om die mansablusies in die toekoms ook te kan doen wanneer fondse beskikbaar word.

Uitdagings

Die fasiliteite by die kampterrein is rondom 1972 opgerig. Die infrastruktuur is dus al redelik oud en verg baie onderhoud. Die fondse om onderhoud te doen is egter geweldig beperk. Dit plaas dus konstante druk op die finansies.

Ons groot uitdaging is om die fondse te genereer om verhoogde onderhoud te doen.

Verhoogde druk om aan nasionale standaarde te voldoen sit ook verdere druk op die ontwikkelingsbehoeftes by die terrein. Weer eens is dit tans nie altyd haalbaar nie weens beperkte finansies.

Die terrein is opperasioneel en finansieel volhoubaar, maar sukkel wanneer dit kom by pro-aktiewe onderhoud, groot onvoorsiene onderhoud en ontwikkelingskapitaal.

Tydens en na Covid was daar ‘n geweldige inkrimping van kampaktwiteite. Die kamp bediening is ook geweldig sensitief vir die verhoogde kostes van vervoer, wat baie toegeneem het met die oorlog in Iran.

Verhoogde elektrisiteitstariewe is ons enkele grootste maandelikse uitdaging. Ons isolasie in die berg maak ook dat die terrein vatbaar is vir opportunistiese misdaad as die kamp leeg is.

Ten spyte van hierdie uitdagings sien ons ‘n stelselmatige en volgehoue groei van benutting. Die feit dat ons die afgelope drie jaar ons eie besprekings hanteer, maak dat daar ‘n goeie verhouding met gaste geskep word, wat weer op sy beurt lei tot terugkerende gaste en nuwe verwysings.

Groter benutting sal ons in ‘n baie sterker finansiële posisie plaas wat baie voordele vir die onderhoud en uitbou van ons infrastruktuur.

Toekoms

Groter diversiteit sal ons help om die terrein meer effektief te benut.

Die droom is om die kleiner terrein (Kamp 50) in ‘n retraitsentrum te ontwikkel. Hiervoor sal die verblyfeenhede aangepas moet word met en-suite badkamers en die huidige ablusies ontwikkel word in leierseenhede.

Dit sal die nut van die terrein geweldig verhoog omdat ons ‘n wyer verskeidenheid van behoeftes kan aanspreek, sonder om die funksionaliteit as ‘n jeugkampterrein te verloor. Dit skep ook geleentheid vir benutting tydens sinodale wegbreke, beplanning en ander aktiwiteite soos huweliksverrykingskampe.

Rol en nut

Magaliesberg is ‘n ongelooflike bate wat die Sinode bestuur.

Die terrein self is ideaal geleë om as ‘n bedieningsbasis te dien vir gemeentes in Noordwes en Gauteng.

4. Verdere beplanning

1) Die taakspan is bereid om in die nuwe termyn voort te gaan met haar opdrag om die Magaliesberg Jeugkampterrein te bestuur.
2) Die taakspan sal met die steun van die SDR wil voortbou op die benadering om die terrein te benut as ‘n missionale platform wat die geleentheid bied vir geestelike bediening en die ontwikkeling van ons jeug.
3) Die taakspan sal met die steun van die SDR wil voortgaan met die ondersoek na die verdere ontwikkeling van die terrein.
4) Gemeentes word aangemoedig om die terrein te benut.